

VOORSITTER: Mnr Cilliers, wat beteken dit dat u die administratiewe beampte van BSB was? -- Die kantoor waar ek gewerk het, het ek die administratiewe funksies wat in hoofsaak die verspreiding van dokumente en die terug ontvang daarvan behels.

So u werk was in hoofsaak om die verspreiding van dokumente te hanteer? -- Dit was een van die aspekte gewees.

Nou antwoord dan net die vraag, wat beteken u funksie as administratiewe beampte? -- Iemand wat vir die administratiewe bestuurder, sou ek sê, werk - wat administratiewe werk verrig. (10)

Nou wie is die administratiewe bestuurder? -- Ek.

Maar dan kan u nie iemand wees wat vir die administratiewe bestuurder werk nie. U is die administratiewe bestuurder? -- Ja, ja.

Nou goed dan. Nou wat doen u? U versprei dokumente, wat nog? -- En ek het bepaalde logistieke funksies wat ek verrig.

Wat beteken daardie woord? -- Dit gaan hoofsaaklik daar oor die verkryging van sekere eiendomme en die bedryf daarvan.

Goed. Maar u primêre funksie, lyk vir my, is beheer oor die dokumente? -- Ja, daar by die plek waar ek werk. (20)

Nou, u primêre beheer is die beheer oor dokumente? -- Ja, dit is reg.

Goed. Nou wil ek aan u 'n stelling voorlees dan sê u vir my of dit reg of verkeerd is. Is dit so dat die BSB sy eie sleutels hanteer het en hulle eie kabinette hanteer het? -- Ja.

En dit sluit in die sleutels en die kabinette wat by Speskop is? -- Dit is reg ja.

So generaal Webb het nie toegang tot daardie kabinette of kluike gehad nie? -- Ek glo nie.

En/..(30)

En die dame het vir BSB gewerk? -- Dit is reg.

Vertel net vir my bietjie hoe lyk die fasiliteite wat sy gehad het. -- Dit is basies 'n kantoor gedeelte wat as jy agtertoe deurstep dan het jy by 'n deur gekom wa met - 'n groot staaldeur wat met 'n kombinasieslot oopmaak, en as jy daar binne-in is was daar, as ek reg kan onthou, vyf brand-kaste binne-in daardie kluis.

En dan 'n aantal laaikabinette wat bietjie meer versterk is as die normale kantoor tipe.

So daar was kluisse binne 'n kluis? Is dit reg? -- Brandkaste binne 'n kluis.

Goed. Nou het sy eintlik in die kluis gesit en werk? -- Soos ek sê, sy het 'n kantoortjie voor gehad. (10)

Het sy 'n kantoortjie voor gehad? -- Ja.

Nou die sleutels wat u by haar geneem het, watter sleutels was dit gewees meneer? -- Dit is die sleutels van die kantoortjie verder agtertoe.

Met ander woorde sy is uit die kantoor uitgesluit? -- Ja.

U het die kantorsleutels geneem, u het die brandkamer se sleutels geneem en u het die individuele kluisse se sleutels gehad? -- Ja.

Goed. En die kombinasies waarvan u gepraat het, dit was die kombinasies van die brandkamer en die kluis, aanvaar ek. Is dit reg? -- Ek het dit nie by haar gevat op daardie stadium nie. Ek het net die sleutels by haar gevat. (20)

U het net die sleutels gevat. En by wie het u die kombinasies gekry? -- Ek het die kombinasies gekry saam met die sleutels op die plek toe ek weer die sleutels moes ontvang om te gaan oopmaak.

Maar toe het die kombinasies sommer daar gelê? -- Hulle was op 'n stuk papier geskryf.

Ek/... (30)

Ek sien. -- En op die papier het gestaan van links na regs elkeen van die brandkaste se kombinasies en dan die staaldeur s'n.

Ek volg. Nou, aanvaar dat hierdie kommissie se aanstelling is bekend gemaak op 30 Januarie - ongeveer 30 Januarie vanjaar.

Met dit in gedagte, wanneer het u die sleutels by die dame geneem? -- Ongeveer vroeg in Februarie. Ek is nie presies seker watter datum nie.

Goed, u sê vroeg in Februarie. Nou toe u - die doel hiervan was gewees om 'n beter beheer te kry oor die lêers omdat daar 'n kommissie is. Is dit reg? -- Soos wat ek dit verstaan was die doel gewees die afskaling van projekte en dat ek die sleutel by haar moes neem en dat daardie plek nie beman sou word vir die afsienbare toekoms nie. Ek was net gesê ek meot die sleutels by haar neem ... (tussenbei)

Nee maar ek bedoel as sy nou daar is en die sleutels hou, dit het niks met die afskaal van projekte te doen nie, want sy doen bloot administratiewe werk. Dit maak nie sin nie. -- Wel soos ek sê, ek het 'n opdrag gekry.

Nee maar luister, mnr. Cilliers. Ek mag dom lyk maar ek is nie heeltemal so dom nie. Ek vra vir u nou weer: U het opdrag gekry om beheer te kry oor daardie sleutels want hier is nou 'n kommissie aangestel, is dit reg? -- Ja.

En die werksaamhede word afgeskaal, reg? -- Ja.

En julle moet sorg dat julle dokumente in veilige bewa-ring bly? -- Ja.

Om seker te maak dat julle volledige beheer daaroor het? -- Wel, ek het aanvaar ons het volledige beheer en dat die sleutels nou deur iemand anderste gehou sal word.

Maar u het die sleutels geneem sodat u en mnr. Verster

volledige/...

volledige beheer oor die lêers kon kry? -- Soos ek gister genoem het, ek het nie die sleutel beheer nadat ek dit oor-gegee het nie.

Luister meneer, u het die sleutel geneem sodat u en mnr. Verster volledige beheer daaroor kon kry. Wat u daarna met die sleutel gedoen het, is eits anders. Ek sal netnou daarby kom.

Is dit reg? -- Ek het 'n probleem met u vrae sodat u sê ek en mnr. Verster.

U óf mnr. Verster? -- Ek het 'n probleem daarmee ook.

Nou wie het beheer gekry oor die inhoud van die kluis die dag toe u die sleutel geneem het? -- Ek sou sê hy het beheer gekry.

Hy het beheer gekry en u het die sleutel. Is dit reg? -- Ek het die sleutel dadelik by haar gevat en dadelik by die plek gaan afgee.

Toe u die oomblik die sleutel by haar geneem het, wie het beheer oor die kluis gekry? -- Op daardie oomblik het ek beheer gehad, goed.

Fyn. Dit is nou goed. Dan het ons ten minste dit. So u het op daardie oomblik het u die beheer oor die kluis gehad. Nou ek aanvaar dat voordat 'n mens beheer oor 'n kluis neem met dokumente, onder hierdie omstandighede, dat 'n mens wil weet wat - of die dokumente darem in die kluis is. -- Ek het geen rede gehad om te twyfel dat hulle in die kluis is nie.

So daar is geen rede om te twyfel dat hulle in die kluis was nie? -- Nee.

Fyn. Toe vat u nou hierdie sleutel - en sê dit vir my - op daardie stadium, was al die dokumente, al die operasionele lêers en finansiële lêers wat by u hoofkantoor was, was hulle toe terug hierbo by Speskop? -- Ja.

So alles was daar gewees? -- Ja, ek aanvaar so.

Wel u moet tog weet wat in u eie kantoor is. -- Ja. Nee maar wat ek bedoel is daar het nie daarna weer dokumente na my toe gekom wat opgestuur moes ... (tussenbei)

So u het nie dokumente in u kantoor gehad wat los was van die dokumente wat in die kluis moes wees nie? -- Behalwe sekere personeel dokumente wat mense by hulle hou.

Ek praat van operasionele en finansiële lêers. -- Ja. Nee ek praat - goed, as u daarvan praat dan is dit so.

Hulle was almal in die kluis gewees? -- Ja.

Fyn. En u is tevrede dat alles was daar gewees? U het geen rede om dit te twyfel nie? -- Nee.

Nou, toe gaan plaas u nou die sleutels op 'n plek, is dit reg? -- Ja.

En wat het toe gebeur? -- Wel, daarna ....

Wat was die eerste ding wat oor die dokumente weer gebeur het? -- Die eerste ding wat weer gebeur het, ek het 'n opdrag gekry - ek het gehoor daar is toegeslaan by die inligtingskool en hulle vermoed dat hulle by Speskop ook gaan toeslaan en dat ek ...  
(tussenbei)

Nou maar waar is die inligtingskool? Watter is die inligtingskool? -- Die inligtingskool is hier in Waterkloof by die ou Sterrewag.

Ja, en toe? Wie is hulle wat nou gaan toeslaan? Die kommissie? -- Ek het gehoor hulle het reeds toegeslaan en ...  
(tussenbei)

En toe? -- Ek het 'n opdrag gekry van die besturende direkteur dat ek die sleutels sal kry op die plek waar ek hulle destyds gelos het en dat ek moet opgaan boontoe as die kommissie daar kom dat ek daar is wanneer hulle daar kom.

Ek/...

Ek sien. En toe, wat was die volgende ding wat toe gebeur het? -- Wel, die kommissie het nie gekom nie maar mnr. Dolf Brits van die OG het gekom.

Ja maar wanneer het hierdie dinge nou gebeur waarvan u nou praat, dat u opgestuur is na Speskop? Dit het mos eers in April plaasgevind, is dit nie so nie? Of laat in Maart? -- So in die middel van Maart.

(10)

22 Maart? -- Daar rond.

Dit het eers op 22 Maart plaasgevind. -- Ja.

Maar ek het nou 'n probleem. Met ander woorde, wat u sê dat tussen - pas na die eerste week in Februarie tot en met 22 Maart het daar niks gebeur nie? -- Basies was die opdrag gewees die mense moet by hulle huise bly.

Nee, oor die dokumente. -- Wel, ek weet nie van iets wat gebeur het nie.

Maar intussen, op 28 Februarie was die kommissie by u hoofkantoor? -- Dit is reg.

(20)

Nou goed. Wat het toe gebeur? -- Toe het hulle beslag gelê op sekere personeel dokumente.

Ja? -- En soos wat ek gister reeds beskryf het.

Ja, en die ander dokumente was op daardie stadium, sover u weet, nog daarbo gewees? -- Ja.

Reg. Nou goed. Toe u nou op 22 Maart die brandkas gaan oopsluit het met die kombinasie en die sleutel vir mnr. Dolf Brits, toe aanvaar ek het mnr. Brits sekere bewysstukke begin nagaan? -- Dit is reg.

Dit is reg. So daar was - dit het nie vir u gelyk asof daar bewysstukke weg is nie? -- Nee.

(30)

Al die lêers was nog daar gewees sover u kon sien? -- Ja.

Laat ek net vir u duidelik maak. Die goed waarna hy gekyk het was/...

K49.25

- 1349 -

CILLIERS

was wat ons noem die verrekeningslêers, of soos u gister daarna verwys het, die voorskotlêers.

Nee nee, dit is nie waar nie. Mnr. Brits het onder andere - het gekyk spesifiek na Goldie se lêer, met bewysstukke? -- Wel, ek kan nie onthou nie maar dit is ... (tussenbei)

(10)

Nee want u het, onthou, gister het u gesê dat toe hulle terug gekom het toe sê hulle - hulle het direk na G gegaan en gesê Goldie is weg. Onthou u? -- Ja, ek onthou dit.

Maar dit is omdat Goldie daar was op 22 Maart. -- Maar ek verskil van mnr. Brits dat ek glo nie - en ek is nou eerlik met u - dat hy enige lêers gesien het wat in die kluis was nie. Die verrekeningslêers wat in 'n ander vertrek was, het ek vir hom oopgesluit en hy het daar gesit en werk. Ek het daar by hom gesit.

Nee maar nou is dit verrekeningslêers. Netnou was dit voorskotlêers gewees. -- Ja, ek sê u verwys na hulle as voorskotlêers.

(20)

Ek het nie die woord voorskotlêers gebruik nie. -- Nee, dit is gister genoem en wat ek bedoel is, wanneer daar geld getrek word op Goldie byvoorbeeld, dan word 'n voorskotvorm ingevul.

Ja? -- En dan wanneer hy hom verreken dan kom die verrekening daarby en dit word saam met die voorskot word dit geliasseer.

En daardie lêer het ook verdwyn? -- Wel, die volgende keer toe die kommissie daar kom toe is - die hele lêer het nie verdwyn nie maar al streek 6 se voorskotte en verrekenings is verwyder.

O, ek sien. So die verwydering waarvan ons praat het

(30)

plaasgevind/...

plaasgevind tussen 22 Maart en die dag toe die Kommissie weer daar gekom het, toe hulle gedreig het om die - is dit reg? Op 29 Maart? -- Dit is reg.

En in daardie tussentyd het u verdwyn, onthou u? -- Ek was gesê dat mnr. Brits nie verdere toegang tot die lêers moet kry nie.

Ja en toe het u van - toe kon u nie weer opgespoor word nie. -- Wel, ek was gesê om terug te gaan na my kantoor toe en daar te gaan bly.

Dit is interessant. Want ek het verstaan dat u nie opgespoor kon word nie. En ek dink u het gister gesê dat u gesê is u kan maar weggaan. Is dit reg? Onthou u dit? -- Ek is nou nie heeltemal met u nie. (10)

Nou, naas mnr. Verster is u die - as hy nie weet waar die dokumente is nie of weet waar die dokumente was - dit is nou voor hulle nou weggeraak het - dan was u die persoon gewees wat sou weet waar hulle is, nie waar nie? -- Ek het my posisie verduidelik.

Ek het nooit persoonlik by Speskop gekom nie en as die goed weggeraak het nadat ek dit ontvang het en nog nie aan iemand gegee het nie dan sou ek daarvoor verantwoordelik gewees het ja. (20)

Dit is reg. Goed. So die dokumente was of by Speskop gewees in die normale loop van sake, of by die administratiewe kantoor, of die hoofkantoor? -- Ja, of by die koördineerder.

Ja, as hy nou ene getrek het nê? -- Ja, dit is reg.

Maar in Februarimaand is al die lêers in die - daar by Speskop toegesluit gewees. Reg? -- Ja.

So die koördineerder het nie lêers gehad nie en die streekbestuurder het nie meer lêers gehad in begin Februarie nie? -- Nie sover ek weet nie.

(30)  
Dit/...



Dit is reg, want u het tog beheer uitgeoefen. U sou weet. Is dit reg? -- Tot 'n mate ja.

U moes die boek hou. -- Dit is reg, ja.

Nie tot 'n mate nie. -- Ja.

Dit is uiters geheime dokumente. -- Ja.

Ja. So moenie kwalifiseer as dit nie nodig is nie. Nou goed. Het generaal Webb ooit vir u kom vra waar die dokumente is? -- Hy het my een aand gebel en gevra of ek weet waar streek 6 se dokumente is.

(10)

Toe wat sê u vir hom? -- Toe sê ek vir hom ek weet nie.

Maar toe het u mos gelieg, want u het geweet dit is in Speskop. -- Die probleem is, soos ek sê, daar was gerugte gewees. Ek kan nie kwalifiseer nie maar soos ek sê, daar was gerugte gewees dat die goed nie gekry kon word nie.

Nee maar dit is voordat die goed weggeraak het. Dit is hoekom ek vir u sê daar kon nie - by wie het u die gerug gehoor? Kom ons kom nou net eers bietjie - by wie het u die gerug gehoor dat die dokumente weggeraak het? -- Ek het by sekere van die koördineerders gehoor.

(20)

Maar hoe het hulle geweet dokumente is weg, want u het hulle dan in die kluis toegesluit en niemand het nog toegang gehad tot die kluis nie? -- Ek het self ook nie toegang gehad nie.

So nou hoe kon die gerug ontstaan het dat die dokument uit die kluis verdwyn het? -- Wel, soos ek sê, ek het nie, ek kon nie toegang tot dit kry nie. Ek het ... (tussenbei)

Nee luister vir my. Hoe kon die gerug ontstaan het dat die dokument uit die kluis verdwyn het? -- (Geen antwoord)

So dit maak nie sin nie. Stem u saam? -- (Geen hoorbare antwoord)

(30)

Goed/...

Goed. Generaal Webb het u gebel en gevra waar is Streek 6 se dokumente, toe sê u vir hom u weet nie? -- Ja.

Toe gaan u verder, toe sê u vir hom dit is of by mnr. - mnr. Joe Verster weet of mnr. Burger weet. Is dit wat u vir hom gesê het? -- Dit kan wees.

Ja, want dit is - ek het gedog dit is u wat dit vir hom gesê het. En op daardie stadium was mnr. Verster onder arres gewees. -- Ja.

So u het nie die waarheid gepraat nie. Is dit nie so nie? (10)  
U het vir generaal Webb, met ander woorde, mislei. U het geweet u het die dokumente laas by Speskop gesien. Is dit reg? -- Ek het nie by Speskop gekom nie.

U het geweet die dokumente is by Speskop toegesluit? -- Ek het geweet hulle is daar, ja.

En u het geweet u het die sleutel geneem. En u het geen rede gehad om te glo dat die dokumente weg is nie. -- Dit is reg.

En toe generaal Webb vir u vra waar die dokumente is toe sê u vir hom u weet nie. Met ander woorde u het vir hom gelieg. Is dit reg? -- Daar is vasgestel dat die dokumente wat hy soek (20)  
is nie daar nie.

Wanneer is dit vasgestel? -- Ek was vroeër die dag gevra om te gaan kyk en iemand is opgestuur om te gaan kyk en hulle het gesê die dokumente is nie daar nie.

Nou maar wie is opgestuur om te gaan kyk? -- Die dame wat met die goed werk.

Maar ek dog u het die sleutel gehad en u het die sleutel nie weer gehanteer vandat u hom begin Februarie ontvang het tot in Aprilmaand nie. En mnr. Verster sit in die gevangenis. Nou het u, met ander woorde, die sleutel intussen gehanteer?

(30)  
-- Ek/...

-- Ek het hom nie hanteer nie.

Iemand - maar hoe het, waar het die dame hom in die hande gekry? -- Ek weet nie.

O sy het nie geweet waar hy vandaan kom nie. Mnr. Verster is die enigste persoon wat dit weet. Hy sit in die tronk. -- Soos ek vir u sê, ek kan net vir u sê dat ek het bevestiging gekry dat dit dokumente wat die generaal soek is nie daar nie.

Nou antwoord die vraag. -- Ja.

Hoe het u - u sê met ander woorde die dame het vir u gesê die dokumente is nie daar nie? -- Ja. (10)

O ek sien. Het u haar in die aand gestuur om op te gaan Speskop toe? -- Ek glo nie dit was in die aand nie. Ek het in die aand ... (tussenbei)

Maar die generaal het u dan in die aand gebel. -- Ja.

En die volgende oggend het hy vir ons kom sê hy weet nie waar die dokumente is nie. -- Dit is reg ja. Ek het in die aand het ek hom, toe hy my gebel het.

Maar u het gister gesê dat daardie dame was nie weer eenkeer daar gewees sedert u die sleutels by haar geneem het nie. U het gister bevestig dat sy die waarheid praat soos sy die volgende gesê het: (20)

"Na aankondiging van die kommissie het Braam my versoek om die sleutels van die kluipe waarin die lêers gelias-seer was aan hom te oorhandig. Daarna het ek nooit weer toegang tot die kluipe gehad nie."

U het gister gesê dit is die waarheid. Nou kom u met 'n nuwe storie. -- Ek wou net die dame beskerm het.

Nou, dan nou is u besig om uself te beskerm. -- Nee goed ... (tussenbei)

Is dit die afleiding wat ek moet maak? Is dit die afleiding wat ek moet maak? -- Ek kan vir u verseker dat ek nie persoonlik soontoe gegaan het nie. Ek, u moet glo wat u wil, maar ... (tussenbei)

Ek wil die waarheid hê meneer. -- Ja, nou dit is ... (tussenbei)

Op die oomblik het u gesê u het gister vir ons die onwaarheid vertel. U het vir generaal Webb 'n onwaarheid vertel. Het u vir hom gesê: "Generaal, ek het die goed by Speskop geplaas in begin Februarie en as hulle nie daar is nie, is hulle weg." Dit het u nie vir hom gesê nie. U het vir hom gesê mnr. Verster weet of mnr. Burger weet. -- Dit was omdat ek nie geweet het waar hulle is nie. (10)

Nou maar hoe kon mnr. Burger geweet het waar dit is? -- Wel ek weet nie. Ek het maar aanvaar ... (tussenbei)

Nee maar hoekom het u gesê dat mnr. Burger weet? -- Ek kan nie onthou dat ek gesê het mnr. Burger weet nie.

U het netnou gesê dat u het dit vir hom gesê. En mnr. Burger het u geweet op daardie stadium, het verdwyn. So dit was gemaklik gewees om te sê mnr. Burger het dit geweet. Is dit nie so nie. -- Dit is nie. Ek het mnr. Burger nie eers geken nie. Ek het hom eergister die eerste keer hier ... (tussenbei) (20)

Nee, u het gesê die administratiewe of die streeksbe-stuurder weet. En almal het geweet die streeksbestuurder is mnr. Burger. Dit was in die koerante gewees en almal het geweet hy is weg. -- Ek weet, maar soos ek sê .. (tussenbei)

Nou goed. So dan het u geweet mnr. Burger was die streeksbestuurder? -- (Geen antwoord)

En wat is die punt nou? -- Wel ek volstaan net by wat ek reeds/... (30)

reeds gesê het.

Watter een van die weergawes? -- Dat sy gevra was om te gaan die lêers kry en dat sy vir my bevestig het dat hulle nie daar was nie.

So u sê hierdie dame sal vir ons kan sê waar die lêers is of wanneer hulle verdwyn het? Is dit reg? -- Ek weet nie of sy dit sal kan sê nie.

Nee maar u sien die probleem wat ek het, is die volgende.

Daar was 'n streek 6 lêer gewees, op u eie weergawe, 'n voor-skotlêer. -- Dit is reg. (10)

In Maartmaand, op 22 Maart toe mnr. Brits daar was? -- Ja.

Met ander woorde dan het die dame vir u gelieg, want daardie lêer was in die kantoor gewees en dit was 'n streek 6 lêer gewees. -- U praat nou nie van 'n operasionele, ons praat van 'n verrekeningslêer.

Ons praat van enige lêer. Streek 6 se lêers. -- Ja daardie lêers was daar gewees. Maar soos ek ... (tussenbei)

Ha! Met ander woorde, het u vir haar nie - maar hoekom het u dan vir generaal Webb gesê u weet nie waar streek 6 se lêers is nie? -- Omdat sy vir my gesê het hulle is nie daar nie. (20)

Met ander woorde sy het gelieg. Die goed was daar, inderdaad daar gewees? U het nou net ... (tussenbei) -- Kan ek net kwalifiseer. Die lêers wat ons na verwys wat verrekeningslêers is, is nie 'n lêer nie. Dit is 'n bundel los dokumente soos wat u daar voor u op die tafel het. En hulle word nie op dieselfde plek geberg as die ander lêers nie.

Maar hulle word by Speskop gebêre? -- Dit is reg.

Goed. -- Maar soos ek sê, ek het nie eers aan daardie

lêers/... (30)

lêers gedink as lêers nie. Ek het gemeen dat die lêers wat hulle soek is die operasionele lêers.

Het u vir die dame gesê gaan soek die operasionele lêers van streek 6? -- Ek het vir haar net gesê om streek 6 se lêers te gaan haal.

Ha. En hierdie lêer waar hierdie los dokumente in was, het sy toe vir u gesê is ook nie daar nie -- Wel sy het glad nie daarna verwys nie en ek het ook nie daarna verwys nie.

Maar u het toe nie vir generaal Webb gesê: "Generaal, hier is 'n groot probleem. Die goed was - word gebêre by Speskop. (10)  
Ek het die sleutel gehad vir 'n ruk. Ek het van-oggend weer die sleutel teruggekry en nou is hier 'n krisis."? -- Die probleem is, die feit dat hulle nie daar was nie was 'n krisis. Die generaal het net vir my gesê: "Het julle die lêers gekry?" Ek het net vir hom gesê die lêers is nie daar nie.

U het nie gesê waar die lêers is nie. U het gesê u weet nie waar die lêers is nie. -- Dit is reg.

U het gesê die lêers is of by mnr. Verster of by die streekbestuurder. -- Dit was 'n aanname wat ek gemaak het.

Nou dit was 'n leuen gewees, want daar was geen basis vir (20)  
die aanname dat dit by mnr. Burger is nie. -- Omdat ek nie die sleutels beheer het nie, kon ek nie sê waar of wie of wat het van daardie goed geword nie.

Met ander woorde toe generaal Webb u bel en mnr. Verster is in die tronk toe gelukkig lê die sleutels op daardie plek agter die hek? -- Ek weet nie waar was die sleutels gewees nadat ek hulle daar gaan neersit het nie.

Ek vra vir u: Toevallig toe generaal Webb u bel en mnr. Verster sit in die tronk, toe lê die sleutels nog op die plek,

die/...

(30)

die geheime plek? -- Ek het nie daar gaan kyk of hulle daar was nie.

Nou waar het u die sleutels gekry om vir die dame te gee om te gaan oopsluit? -- Ek weet nie wie het vir die dame die sleutels gegee nie. Daar is die sekerheidsmense, enige iemand kon dit vir hulle gegee het.

Maar u praat mos nou absoluut - u het nou netnou vir ons vertel u het die dame opgestuur. -- Ja.

U het die sleutels by haar geneem. Het sy toe nie vir u gevra (10)  
nou waar is die sleutels nie? -- Ek weet nie waar het die sleutels  
vandaan gekom nie. Ek kan nie vir u sê nie.

Het dit toe uit die hemel uit geval? -- Ek weet nie.

Mnr. Cilliers, ek gaan dit aan u stel dat u is besig om opsetlik die verrigtinge van hierdie kommissie te bemoeilik en u probeer opsetlik die Kommissie mislei. -- (Geen antwoord)

En u trek maar u skouers op. -- Ek trek nie my skouers op nie. Ek wil net weet, is dit moontlik dat ek net met die advokate kan praat asseblief?

U kan as, die advokaat sal my keer as ek u ... Met ander (20)  
woorde u is bereid om miskien die waarheid te praat nadat u met die advokaat gepraat het?

MNR HATTINGH: Mnr. die Voorsitter ek dink wat die getuie moontlik in gedagte het, dit lyk of u afstuur om die aangeleentheid na die PG te verwys as synde 'n oortreding van die Kommissiewet en dat antwoorde in hierdie verband hom moontlik kan inkrimineer en dan is my advies, wat ek glo, wat hy van my wil hê, aan hom dat hy nie verplig is om die vrae te antwoord as dit hom kan inkrimineer nie.

VOORSITTER: Hy hoef nie daardie vraag verder te antwoord nie, (30)  
maar hy is verplig om vir my te sê waar die dokumente is.

MNR. HATTINGH: /...

MNR. HATTINGH: Ja, maar u het hom nou gevra, u het dit aan hom gestel dat hy verplig is, dat hy besig is om die Kom-missie se werkverrigtine te belemmer. Dit is 'n oortreding mnr. die Voorsitter.

VOORSITTER: Nou maar goed. So u verkies om dit nie te antwoord nie, want u glo dit sal u inkrimineer, goed. Ek kan maar my eie afleidings daarvan maak.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. DE JAGER: Mnr. Cilliers, wanneer het u die eerste keer verneem dat daar 'n opdrag is dat die Ouditeur-generaal toegang moet kry tot die lêers sodat hy met sy (10) oudit kan voortgaan? -- Praat u van dat hy met sy oudit kan voortgaan of wanneer hy die eerste keer daar aangekom het?

Ja, wanneer hy die eerste keer daar aangekom het. Kom ons vat dit die 22ste, laat ek dit vir u maklik maak. Toe die Ouditeur-generaal se personeel op die 22ste daar aankom, het u hom daar toegelaat. Is dit korrek? -- Ja.

Hoekom? -- Omdat ek gesê was om dit te doen.

Ja, wie het vir u gesê? -- Brigadier Swart.

En brigadier Swart het vir u gesê dat hy het opdrag seker (20) dat die mense moet kan inkom? -- Ja.

Ja. So u het dit by 'n weermag personeellid gehoor die eerste keer? -- Soos wat ek gister gesê het.

Nee, u het gister gesê dat u het nie gehoor daar is 'n opdrag, verskoon my as ek dit verkeerd stel aan u, maar ek het u verstaan dat u gesê het daar is nie 'n opdrag, u het maar gehoor by mnr. Verster. Geen weermagpersoon het vir u gesê dat daar 'n opdrag is dat die Ouditeur-generaal toegang moet hê nie. -- Toe ek opgestuur is boontoe, het die brigadier met my gesels en hy het vir my gesê dat en dit is waar die storie uitgekome het dat (30) as ek hulle nie sou toegang gee nie, dan gaan

hy/...



hy my net sê ek moet onmiddellik verlaat en dan sal hy ...

(tussenbei)

Dit was my volgende vraag: Is dit by daardie ge-leentheid wat brigadier Swart vir u gesê het dat u moet saamwerk en as u nie wil saamwerk nie sal hy oopbreek? -- Basies het ek aan hom sekere probleme gestel ... (tussenbei)

VOORSITTER: Antwoord net die vraag. Het brigadier Swart toe vir u gesê as u nie saamwerk nie, gaan hy oopbreek.

MNR. DE JAGER: Vir u wegstuur en dan self oopbreek. Is dit wat hy gesê het? -- Ek neem aan dit was toe gewees. (10)

Ja, so u het geweet dat die hoof van die weermag opdrag gegee het of ten minste dat hoër gesag opdrag gegee het dat die Ouditeur-generaal moet kan kom dan? -- Wel, ek kan nie presies onthou of hy nou vir my gesê het, ek kan inteendeel glad nie onthou dat hy vir my gesê het hoër gesag nie, maar ek het aanvaar sy gesag is genoeg.

Ek verstaan. So u het die brigadier se opdrag aanvaar? -- Dit is reg.

En u sê dat daardie aand, want dit was die 22ste wat ek verstaan, wat die Ouditeur-generaal se personeel daar gesit het en met hulle oudit voortgegaan het en die lêers was daar. Is dit korrek? -- Nee, daar was een persoon die eerste keer daar. (20)

Dit was mnr. Dolf Brits? -- Dit is reg.

Ja, hy het daar gewerk. Is dit korrek, daardie dag? -- Dit is reg.

Die 22ste? -- Ja.

Goed, die aand as ek u reg verstaan sou mnr. Brits gesê het dat u hom nie verder gaan toelaat daar nie? -- Dit is reg en die brigadier was by my en mnr. Brits daar gewees.

(30)  
Ek/...

Ek dog u sê dit het gebeur na 'n gesprek tussen mnr. Verster en die brigadier, het u toe vir hom gesê? -- Toe het hy gesê hy en mnr. Verster sal die saak bespreek en ek het dit daar gelaat.

O, so daar was 'n dispuut tussen die brigadier en mnr. Verster, moet ek u so verstaan? -- Ek weet nie wat het gebeur nie. Ek was nie by gewees nie.

O, u was nie by toe brigadier Swart en mnr. Verster gepraat het nie? -- Dit is reg.

Wie het toe gesê mnr. Dolf Brits moet nie verder daar inkom nie? -- Mnr. Verster het gesê. (10)

Ja, die brigadier het dit nie gesê nie? -- Nee.

Maar u sien die brigadier ... (tussenbei)

VOORSITTER: En is dit toe mnr. Verster daarna vir u gesê het u kan maar verdwyn vir 'n week? -- Hy het vir my gesê ek gaan nie weer soontoe nie.

MNR. DE JAGER: Het mnr. Verster dit vir u gesê? -- Ja.

Want u sien dat die brigadier sê dat hy het nooit opdrag gegee nie en hy het nie geweet dat daar opdrag gegee is dat mnr. Brits nie weer daar mag ingaan nie. -- Wel ek weet nie. Soos ek sê (20)  
u kan miskien vir mnr. Dolf Brits ook vra.

Ja-ja. Nou die brigadier het u verstaan, is ernstig dat die Ouditeur-generaal daar moet kan werk. Is dit reg? -- Ja.

En as die Ouditeur-generaal gesê word jy gaan nie meer hier werk nie, dan het u dit seker aanvaar as 'n intelligente mens dat hy dit nie daar sal laat nie, hy gaan onmiddellik stappe doen.

Is dit reg so? -- Ja.

En as die brigadier wat in bevel is van Spesmagte op daardie stadium in 'n waarnemende hoedanigheid hom dit weier dan gaan die brigadier probleme kry, het u dit besef? -- Uit

(30)  
die/...

die aard van die saak.

Ja, so die brigadier sal nie daar in die ope kom sê jy kom nie meer op my terrein terwyl die brigadier weet wat gaan vir wat nie. Is dit reg? -- Ek neem so aan.

En dit nogal personeel van die Ouditeur-generaal self. Is dit reg? -- Ja.

Ja en weet u daarvan dat die volgende oggend toe was admiraal Bekker en die Ouditeur-generaal, mnr. Wronsley, persoonlik daar, die 23ste? -- Nee.

Dit is my instruksies. U weet nie daarvan nie? -- Ek was nie daar nie. (10)

Ja goed. Waar was u, was u op verlof? -- Nee, ek was op 'n later geleentheid het ek op verlof gegaan.

VOORSITTER: Nee, ek dink dit was daardie tyd gewees. Dit was nie op 'n later geleentheid nie. -- Nee, ek kan vir u sê na daardie insident was ek weer terug na die Pretoria-Wes kantoor toe gewees.

Maar hoekom kon niemand u opspoor nie? -- Ek weet nie.

Selfs die hoof van die weermag kon u nie opspoor nie. Daarvan dra ek persoonlike kennis. -- Ek moet vir u sê mnr. die Voorsitter, ek weet nie. Die feit van die saak is ek glo nie die hoof van die weermag weet waar om my op te spoor as ek by Pretoria-Wes is nie. (20)

MNR. DE JAGER: Nou die Speskop, die hoofkantoor van Spesmagte is nie soos BSB se kantore in Pretoria-Wes se geheime soort van plek nie, dit is 'n oop plek, almal weet daarvan. Is dit reg?

Almal in die weermag weet waar is Speskop? -- Ja.

Dit is 'n plek in Voortrekkerhoogte. Is dit korrek? -- Dit is reg.

En dit is 'n militêre eenheid soos wat VHK is en soos wat (30)  
TDK/...

TDK se eenhede is ensovoorts. Is dit reg? -- Ja.

En op die stadium toe die Kommissie daar by u gekom het in Pretoria-Wes sê u brigadier Swart sê vir u u moet nie vir hulle sê van Spesmagte se hoofkantoor nie. Is dit reg, het ek u reg verstaan? -- Ek het gebel op boontoe en ek het gesê die mense het 'n lasbrief. Toe, op 'n later stadium is ek teruggebels en toe vra hulle vir my wat sê die lasbrief en toe sê ek dat hulle die terrein kan betree en beslag kan lê op sekere dokumente en ek het toe vir hulle gevra wat is nou my posisie ... (tussenbei)

(10)  
VOORSITTER: Nou wie is hulle? -- Dit is nou vir brigadier Swart.

As ek reg kan onthou het ek met hom gepraat. Wat is my posisie, want die mense stel sekere vrae aan my en die advies wat ek teruggekry het dat volgens hierdie lasbrief is ek nie genoodsaak om enige vrae te beantwoord sonder my regs-verteenwoordigers nie.

MNR. DE JAGER: Dit is 'n bietjie verskillend van om byvoorbeeld vir die Kommissie te sê ek sê julle nie waar Speskop is nie né? -- Volgens my aanvaarding van wat ek gehoor het is dit presies dieselfde ding dat ek vertel niks, ek maak geen verklaring oor enigiets nie.

(20)  
Sonder die teenwoordigheid van u regsverteenwoordigers? -- Dit is reg en my regsverteenwoordiger het nooit opgedaag nie.

O, nee ek sien. So is dit toe wat vir u gesê was deur brigadier Swart dat jy moet oopmaak, maar jy hoef nie verklarings aan die mense te maak sonder die teenwoordigheid van jou regsverteenwoordigers nie? -- Dit is reg.

VOORSITTER: Dit is toevallig nie die indruk wat u gister geskep het nie.

MNR. DE JAGER: Maar dit is die korrekte posisie wat u dit

nou/...  
(30)

nou verduidelik het? -- Ja.

U edele sal u my net vergun om net 'n oomblik my notas deur te gaan. Ek is klaar, ek wil dit net nagaan.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. HATTINGH: Mnr. Cilliers, kan ons net 'n bietjie meer inligting kry oor u administratiewe pligte.

U het nou reeds gesê dit het aankope van eiendom onder andere behels. -- Ja.

Kom ons beperk dit meer met betrekking tot operatiewe projeklêers en die beheer daarvan. -- Ja.

Die lêers weet ons nou was bo by Speskop gehou? -- Ja.

(10)

Wanneer dit aangevra is het die dame dit dan na u toe gebring?

-- Dit is reg.

Was dit oop gebring of in 'n tas gebring? -- In 'n tas met kombinasies.

Was daardie tasse gesluit gewees? -- Dit is reg.

Het u die reg van insae in daardie lêers gehad? -- Nee.

Was u verbied om insae in daardie lêers te kry? -- Ja.

Was dit die rede waarom die tasse gesluit was? -- Dit is reg.

En u is slegs 'n kaart gewys waarop die lêer geïdentifiseer is wat u dan, daar 'n inskruwing vanuit 'n boek gemaak is en dan is dit geteken? -- Dit is reg.

(20)

Daardie kaart en die boek is weer uiteindelik saam met die lêers terug Speskop toe? -- Dit is reg.

Het u enige kennis gedra oor die inhoud van daardie projeklêers? -- Glad nie.

Het u enige plig gehad om dokumente in verband met operatiewe projekte te ontvang en te beheer? -- Nee, behalwe in geseëlde koeverte of in tasse. As hulle in tasse is of in die koeverte weet ek nie wat staan op hulle nie.

Watter/...

(30)

Watter dokumente het u oor beheer gehad in u administratiewe hoedanigheid? -- Net die goed wat ek self hanteer het.

En waarop het daardie dokumente betrekking gehad? -- Op die eiendomme en dies meer wat ek verkry en beheer het.

En u het dus geen kennis gedra oor projekte as sodanig nie? -- Nee.

Behalwe as dit nou 'n projek was vir die aankoop van 'n perseel? -- Dit is reg.

Dan het u die administratiewe pligte behartig in verband met die aankoop van die perseel? -- Dit is reg.

Nou wanneer daardie dokumente in 'n tas daar by u aan-gebring word, veronderstel dit kom nou laatmiddag of laat-aand eers terug daar by die kantoor en u is nog daar het daar enige regulasie bestaan met betrekking tot waar daardie projeklêer dan gehou moes word? -- Hulle kon een nag oornag in 'n kluis wat ek beheer het daaronder.

In 'n kluis wat u beheer het? -- Dit is reg.

En die maksimum tydperk was een nag gewees? -- Dit is reg.

En dan moes dit weer teruggaan na die Speskop toe? -- Die volgende oggend, ja.

Daardie kluis sê u het u beheer? -- Ja.

Was daar ander kluisse by die kantore waar u was en waartoe u nie toegang gehad het nie? -- Ja.

Waarvan u nie sleutels gehad het nie? -- Dit is reg.

En mnr. Cilliers, nou net om een aspek baie duidelik te maak toe u nou daardie sleutels by die dame geneem het, het u net die sleutels geneem? -- Ja.

Het u op daardie stadium geweet wat die kombinasie van daardie/...

Wanneer het u vir die eerste keer geweet wat die kombinasie van die kluis was? -- Toe ek hulle bo moes gaan oopsluit het.

Sonder die kombinasie kon u nie toegang tot die kluis verkry nie? -- Nee.

VOORSITTER: U sê toe u moes boontoe gaan, dit is toe u nou die week gesit en wag het, dit is nou voordat die Ouditeur-generaal se mense opgedaag het? -- Ja, dit is toe die eerste keer.

Ek sien, met ander woorde so voor 22 Maart het u die kombinasie gehad, want 22 Maart was die dag toe die Ouditeur-generaal, mnr. Dolf Brits, die eerste keer daar opgedaag het? -- Toe het ek die sleutels met die kombinasies van die slotte gekry. (10)

Ja, maar toe u nou opgestuur is boontoe om daar te sit en wag vir iemand om op te daag, het u toe die sleutels gehad? Het u toe die sleutels gehad? -- Ja.

Het u die kombinasie gehad? -- Ja.

Met ander woorde u het vir ten minste 'n week voor 22 Maart het u die sleutels en die kombinasie gehad? -- Nie 'n week voor die tyd nie, dalk van die 22ste toe, ek is nie nou presies seker van die datum nie, maar die dag toe hulle by die Inligtingskop toegeslaan het is daar gesê dat ek moet nou boontoe gaan en ek moet daar gaan sit en wag en ek het die sleutels en die kombinasies gekry en ek is op soontoe en die presiese datums kan ek nie onthou nie. (20)

Maar u het omtrent 'n week gesit en wag vir iemand om te kom? -- Ek het die hele week daar gesit en wag.

Ja, so ten minste 'n week voordat mnr. Brits gekom het, het/...

K49.1487

- 1365 -

CILLIERS

het u al vir 'n week daar gesit en wag? -- Mnr. Brits het in daardie week gekom. (30)

Maar die punt is op die 22ste is u weg so dit moes 'n week

voorafgaande gewees het ten minste. -- Ekskuus tog? As ek op die 22ste weg is dan praat ons van die vorige week.

Dit is dit punt wat ek die heeltyd probeer maak? -- Ja, ja.

U en mnr. Brits is al twee van die perseel af weg die middag van die 22ste? -- Dit is reg.

So u het 'n week voor die 22ste het u reeds die kombinasie en die sleutels gehad? -- Ja, as ek reg kan onthou sou die 22ste dan 'n Donderdag gewees het en ek het van die Maandag tot ek dink die Vrydag, ek weet nie of die Donderdag, ja dit was die dag toe mnr. Brits weg is toe is ek ook weg.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. McNALLY: Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE

MNR. McNALLY VERSOEK UITSTEL TOT 14 MEI 1990 VIR VERDERE

KRUISONDERVRAGING VAN MNR. BRITS.

DIE KOMMISSIE VERDAAG TOT 14 MEI 1990.

---oOo---



**Collection Number: AK2300**

**HARMS COMMISSION OF INQUIRY, Death squads 1990**

**PUBLISHER:**

*Publisher:- Harms Commission of Inquiry*

*Location:-*

**©1990**

**LEGAL NOTICES:**

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection donated to Historical Papers at The University of the Witwatersrand.